basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

RELIGIESTUDIES V1

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1	1.1.1	A√	(1)
	1.1.2	A√	(1)
	1.1.3	B√	(1)
	1.1.4	B√	(1)
	1.1.5	D√	(1)
	1.1.6	C√	(1)
	1.1.7	B√	(1)
	1.1.8	C√	(1)
	1.1.9	A√	(1)
	1.1.10	B√	(1)
1.2	1.2.1	Ghoeroe √	(1)
	1.2.2	Inkarnasie/Antropomorfisme/Mensvormigheid√	(1)
	1.2.3	Ubuntu √	(1)
	1.2.4	Protestantisme √	(1)
	1.2.5	Sekulêre Humanisme√	(1)
	1.2.6	Doop√	(1)
1.3	1.3.1	C√	(1)
	1.3.2	D√	(1)
	1.3.3	H√	(1)
	1.3.4	B√	(1)
	1.3.5	G√	(1)
	1.3.6	A√	(1)
1.4	1.4.1	Verassing √ Die ander behoort aan ATG.	(2)
	1.4.2	Nirwana√ Die ander is terme in Hindoeïsme. √	(2)
	1.4.3	Apokriewe √ Die ander is name van heilige wesens/Gode in verskillende godsdienste. √	(2)
	1.4.4	Fundamentalisme √ Die ander is sekulêre wêreldbeskouing. √	(2)
	1.4.5	Allah√ Die ander is (menslike) leiers in Islam. √	(2) **(10)**

1.5 1.5.1
- Onwaar: √
- 'n Sjamaan is iemand wat optree as 'n tussenganger wat tussen die fisiese en die geestelike wêreld./'n Sjamaan tree op as 'n tradisionele geneesheer/byvoorbeeld 'n sangoma. √
- Umvelinqangi/UNkulunkulu/Modimo/uThixo is die Opperwese in Afrika Tradisionele Godsdiens (2)

1.5.2
- Onwaar√
- Die Nagmaal is 'n Christen-sakrament wat gehou word in herdenking van Jesus Christus. √
- Ukulanda/Umbuyiso/Terugbring is 'n ritueel wat gehou word ter herinnering aan die voorouers (2)

1.5.3
- Waar √√ (2)

1.5.4
- Onwaar√
- Hasidiese Jode probeer om die invloed van die moderne lewe te vermy. √
- Gereformeerde Jode is oop vir die invloed van die moderne lewe. √ (2)

1.5.5
- Onwaar √
- Die filosofie van Karl Marx is 'n sekulêre wêreldbeskouing (kommunisme) gekant teen godsdiens. √ (2)

1.6 1.6.1
- Inspirasie verwys na die asem, krag en kennis van 'n buitengewone wese of krag. √
- Dit verwys na 'n toestand van inspirasie om te skryf, iets te doen, of jouself oor te gee aan 'n spesifieke lewe of ondervinding. √
- Dit is die oorsprong van alle normatiewe bronne. (2)

1.6.2
- In die konteks van religie verwys lering na die oordra van kennis, waardes, houdings/ingesteldhede en norme. √
- Leringe kommunikeer die dieper betekenisse van die wêreld en hoe die lewe funksioneer. √ (2)

1.6.3
- Pelgrimstog is 'n spirituele/geestelike reis na 'n heilige land. √
- Pelgrimstog versterk geloof van godsdienstige aanhangers. √
- 'n Reis na 'n heilige plek wat gelowiges se kennis van 'n geloof verbreed. √
- Christene onderneem 'n pelgrimstog na Jerusalem. √ (2)

LET WEL: Slegs EEN voorbeeld, uitgedruk in 'n sin, mag aanvaar word

1.6.4
- Die stigter van Taoïsme √
- Hy is gebore met wit hare. √
- Hy het 8 of 80 jaar in sy moeder se baarmoeder deurgebring. √ (2)

Merk slegs TWEE antwoorde vir 1.6.1–1.6.4.
LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1
- Dit beteken dat die ego ons gevange hou, en wanneer ons vry is, dan kan ons verligting ontvang en Nirwana ervaar.
- Verligting kom deur 'n individuele poging en nie deur intervensie en voorbidding nie, of enige gode nie. (4)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

2.1.2
- 'n Storie met diep betekenis en lesse.
- 'n Storie wat vertel word om 'n godsdienstige beginsel, of antwoorde op godsdienstige vrae te beantwoord.
- 'n Storie wat 'n verborge betekenis onthul.
- Allegorie is meer direk as gelykenisse. (4)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

2.1.3
- Verwys na kenmerke wat godsdienste in gemeen het.
- Het 'n ooreenkom van dieselfde tipe, aard, hoeveelheid, vorm. ens. (4)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

2.2 2.2.1
- Die Boeddha was mens, nie God nie.
- Volgens Boeddhisme is die mensdom vasgevang in 'n siklus van weergeboorte, waarin ons swaar kry omdat ons vasklou aan die illusie van 'n permanente self of siel.
- Verligting word bekom deur 'n leeftyd van wysheid en oefening, en nie deur die inherente oortuiging of geloof nie. (4)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

2.2.2
- Tao beteken die 'die pad van die heelal'. Dit word beskou as die bron/begin van alles.
- Beide die 'niks' en die 'gebeurtenis' wat plaasvind in die Tao word as heilig beskou.
- Al die wêreldprosesse bestaan uit twee teenoorgestelde kragte, die Jin en die Jang.
- Die doel in Taoïsme is om jou lewe moeiteloos in harmonie met die Tao (Wuwei) te leef. (4)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

2.2.3
- Daar is net een almagtige God,maar godsdienste aanbid hierdie god op verskillende maniere.
- Mense het 'n siel met die unieke kapasiteit om God te herken en om 'n verhouding met God as Skepper te bou.
- Alle mense is gelyk en eenheid van alle mense sal politieke en ekonomiese probleme oplos. (4)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

2.3

DIE CHRISTENDOM	JUDAÏSME
Die simbool vir die Christendom is die kruis. Die Christendom glo aan die Drie-eenheid. Christene glo aan die Ou en Nuwe Testamente.	• Die simbool van Judaïsme is die ster van David. • Judaïsme glo in een God wat nie 'n seun het nie. • Judaïsme glo net aan die Ou Testament.

(6)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

2.4 2.4.1 **NIRWANA**

- 'n Staat van volmaakte geluk en rede in Boeddhisme.
- Bevryding van lyding en die siklus van weergeboorte.
- Die hoogste doelwit van Boeddhistiese praktyk.

KARMA

- Die Hindoe-wet van karma verwys na die oortuiging dat elke aksie 'n gevolg het, wat later in reïnkarnasie kan verskyn.
- Dit impliseer die gevolge van aksies.
- Dit leer dat 'n mens se optrede in die verlede verantwoordelik is vir sy of haar huidige staat. (4)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

2.4.2 **DIE TALMOED**

- Die Talmoed, wat voltooi teen die einde van die vyfde eeu HJ voltooi is, word as die sekondêre bron beskou.
- Die bevat die Misjna en die Gemara en gee gedetailleerde rabbynse verduidelikings van die Torah.

DIE HADITH

- Dit is die belangrikste bron na die Koran is die Hadith, wat die woorde van die Profeet bevat soos aangeteken deur sy volgelinge.
- Die lewe van Profeet Mohammed is opgeneem in die Hadith en dit wys hoe Moslems moet lewe volgens die wil van God. (4)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

2.4.3 **MITE**

- 'n Heilige storie wat verduidelik waarom die wêreld is soos dit is en die aard van menslike ervaring.
- 'n Mite is 'n storie wat nie altyd letterlik waar is nie.

VERHAAL

- 'n Gesproke of geskrewe bespreking van gebeurtenisse wat verband hou in volgorde van voorkoms.
- Alle godsdienste het verhale en dra weergawes van die lewens van hulle stigters, heiliges, gode of belangrike mense oor. (4)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

2.5
- In ATG word individualisme ontmoedig: dit word as onmenslik beskou.
- Die gemeenskaplikheid van die lewe is sentraal en laat mense toe om vreugdes, seëninge, hartseer en laste te deel.
- Daarom is daar 'n gesegde: 'Ek is, omdat ons is, en daarom is ek.' (Umuntu ngumuntu ngabantu)
- Harmonie binne jouself, en binne die clan of samelewing is die sleutel.
- Wat reg en verkeerd is, word beoordeel volgens die impak daarvan op mense. (8)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 **MENSEREGTE**

- Almal is gelyk voor die wet en het die reg tot gelyke beskerming en voordeel van die wet.
- 'n Basiese reg wat aan almal toegeken word bloot omdat hulle mense is ongeag ras, geslag of godsdiens.

VERANTWOORDELIKHEID

- Die konsep van verantwoordelikheid kry meestal dieselfde klem as menseregte.
- Daar kan geen regte sonder verantwoordelikheid wees nie. (4)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

3.1.2

- Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het baie mense mekaar skade aangedoen op grond van hulle nasionaliteit, ras, godsdiens en geslag.
- Die Universele Verklaring waarborg sekere regte, dus om toekomstige skendings te voorkom (4)

3.1.3 **JA**

- Menseregte is gewortel in godsdienstige oortuigings. Godsdienste neem dus die nakom van menseregte baie ernstig op.
- Die Universele Verklaring van Menseregte het die pad gebaan vir die aanneem van meer as 70 menseregte-ooreenkomste regdeur die wêreld.
- Dit word op 'n permanente basis op wêreld- en streeksvlak in die meeste lande toegepas.
- Dit word as 'n algemene standaard van prestasie vir alle mense en vir alle nasies aangeneem.

NEE

- Die Universele Verklaring van Menseregte sluit nie 'n meganisme van implementasie in nie.
- Die Verklaring vervat ideale en doelwitte, maar verskaf nie 'n konkrete raamwerk oor hoe om dit in werklikheid te behaal nie.
- In sommige lande word menseregte nie by hulle konstitusies ingesluit nie.
- In konfliksituasies, soos met die Verenigde State en Iran, en Rusland en Oekraïne, is daar growwe menseregteskendings wat ongestraf bly. (6)
- Lidmaatskap van die VN is vrywillig.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.
'n Kandidaat mag beide JA en NEE argumenteer, maar krediet word slegs gegee vir logiese verduideliking van elke standpunt.

3.2

- As 'n sekulêre staat bied Suid-Afrika aan almal die reg op godsdiensvryheid, godsdiens en opinie.
- Alle godsdienste het onbelemmerde toegang tot hul plekke van aanbidding.

- Die staat veroordeel godsdienstige onverdraagsaamheid en aanhitsing tot geweld, bv. Die Kommissie vir Kulturele, Godsdiens- en Taalregte (KRT)
- Gedurende natuurlike rampe, werk godsdienstige organisasies saam om te help waar nodig.
- Minderheidsgodsdienste word verteenwoordig deur die intergodsdienstige organisasies in Suid-Afrika.
- Verskeie godsdienstige leiers bid saam by nasionale geleenthede, bv. tydens die opening van die parlement.
- In Suid-Afrika kan burgers besluit om by meer as een godsdiens aan te sluit of om geen godsdiensaffiliasie te hê nie. (10)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

3.3
- Daar sal uitbuiting van godsdienstige oortuigings en rituele wees.
- Godsdiensvryheid kan lei tot die opkoms van nuwe godsienste en kan ook kultusse bevorder.
- 'n Godsdiens kan sy identiteit verloor as gevolg van te veel diversiteit.
- Daar kan 'n gebreek wees aan lojaliteit binne die godsdiens omdat lede vry is om van een godsdiens na 'n volgende te beweeg.
- Dit kan verdeeldheid in families veroorsaak, aangesien familielede verskillende godsdienste beoefen. (8)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

3.4 **VOORBEELD 1: HINDOEÏSME**
- 'Satyameva Jayate' (Slegs Waarheid Triomfeer).
- Dit weerspieël die oortuiging dat die waarheid universeel is en deur diverse paaie gevind kan word.
- Hindoeïsme laat toe dat individu die vryheid het om hulle eie pad van geloof, aanbidding, rituele kies, sonder om spesifieke doktrines en leerstellings af te dwing.
- Hindoeïsme beweer nie dat hulle praktyke die enigste manier is om bevryding te behaal nie.

VOORBEELD 2: AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS
- ATG glo in die filosofie van 'ubuntu'.
- Dit moedig mense aan om mekaar te help ten spyte van godsdienstige affiliasie/oortuigings.
- Die gemeenskaplike lewenswyse is sentraal en laat mense toe om hulle vreugdes, seëninge en laste te deel.
- In ATG beteken dit dat ten spyte van jou godsdienstige affiliasie, die gemeenskap in jou prestasies en teëspoed.

VOORBEELD 3: BOEDDISME
- Boeddhisme leer dat geen lewende wesens, mense ingesluit, leed/kwaad aangedoen word nie.
- Dit beteken dat elke godsdiens vry is om die krag van logika te kan gebruik om mense te oortuig.
- Mense kan hulle eie analise doen van die werklikheid en menslike ervaring.
- Verdraagsaamheid en aanvaarding van mense net soos hulle is, is fundamenteel tot Boeddhisme.
- Hierdie leringe bevorder vryheid om enige godsdiens van jou eie keuse te beoefen. (8)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

3.5
- Moraliteit is tradisioneel in godsdiens gewortel.
- Godsdiens kan swakker word soos wat die wêreld meer sekulêr word.
- Daar is 'n erosie van moraliteit, soos wat die samelewing meer sekulêr word.
- Daar is minder verantwoordelikheid deur godsdienstige leiers.
- Godsdienstige leiers misbruik hulle mag deur hulle volgelinge aan immorele dade te onderwerp.
- Die gees van vryheid bevorder die idee dat 'enigiets aanvaarbaar is'. Dit verswak die houvas van godsdiens.
- Gebrek aan godsdienstige onderrig lei na familie-onenigheid.
- Negatiewe invloed van sosiale media moedig immorele gedrag aan.
- Die negatiewe invloed van sosiale media moedig immorele gedrag aan.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (10)

VRAAG 4

4.1 4.1.1
- Hamas het Israel aangeval en gyselaars geneem. (2)

4.1.2
- Hulle het geveg vir hulle bevryding van Israel se outoriteit.
- Hulle wou hulle land hê.
- Hulle wou 'n uitruil van gevangenese hê. (4)

4.1.3
- 'Dit is die mees betekenisvolle eskalering van die Israel-Palestynse konflik in etlike dekades.'
- 'Palestynse strook grond wat in 1967 deur Israel beset is ' (2)

4.1.4 **ISRAEL**
- Hulle het hulle geliefdes teruggekry wat deur Hamas gevange geneem is.
- Israelse weermag het tyd gehad om hulleself te hergroepeer en organiseer.

PALESTINA
- Hulle vegters is uit Israelse gevangenisse vrygelaat.
- Ontwortelde inwoners het na noord-Gaza teruggekeer.
- Hulle het help van humanitêre organisasies ontvang.

LET WEL: 'n Maksimum van SES punte kan vir Israel of Palestina toegeken word. (8)

4.1.5
- Moslems het met hulle mede-Palestyne gesimpatiseer.
- Lande soos Libanon, Jemen en Iran het die bondgenote van Israel aangeval.
- Bondgenote van Israel het hulle met wapens ondersteun.
- Amerika het die bondgenote van Israel gelei.
- Dis waarom hulle militêre posisies in Irak en Sirië aangeval is. (4)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet aanvaar word.

4.1.6
- Dit is 'n politieke konflik.
- Godsdiens word egter gebruik om die konflik te regverdig, aangesien die Jode die Palestynse grond opeis op godsdienstige gronde.
- Hierdie eis word deur die internasionale wet verwerp. (6)
- Jode het Gaza beset en hulleself gevestig en die oorspronklike Moslem-Palestynse inwoners van hulle grond afgedwing.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet aanvaar word.

4.1.7 **NEE:**
- Israel was veronderstel om hulle burgers te beskerm volgens die Genevé-ooreenkoms.
- Israel se missiele het kritieke diensareas soos hospitale en skole getref.
- Burgers het nie vlugtelingskuilings gekry nie.
- Humanitêre organisasies is nie deur die Israelse weermag toegelaat oorlogsongevalle by te staan nie.
- Israel was veronderstel om alle politieke gevangenes te bevry.

JA:

- Hamas het onskuldige mense op 7 Oktober 2023 In Israel aangeval.
- Hamas het burgers as skuiling gebruik.
- Hamas het hospitale en skole as militêre basisse gebruik.
- Hamas was veronderstel om al die gyselaars vry te laat om oorlog te vermy. (8)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

4.2 **DIE CHRISTENDOM**

- Christendom verklaar: 'Jy moet jou naaste lief hê soos jouself.'
- Hierdie lering moedig respek en liefde vir jou medemens aan.
- Nog 'n lering van die Christendom leer ons: 'Doen aan ander soos jy wil hê ander moet aan jou doen.'
- Hierdie lering moedig wedersydse respek aan, dus verminder dit konflik.
- 'Jy mag nie doodmaak nie.'
- In die Christendom verwys dit na die heiligheid en gewydheid van die lewe.

BOEDDHISME

- Dit moedig streng geweldloosheid (ahimsa) aan
- Daar is 'n gedeelde strewe om geluk te bekom en lyding van alle lewende dinge te vermy.
- Boeddhisme het dus nooit oorlog gevoer om hulle leringe te versprei nie, want dit sal 'n skending van basiese menseregte wees. (8)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

4.3

- Bevorder intergodsdienstige dialoog en begrip tussen verskillende godsdienste.
- Hulle moet fokus op die algemene waardes tussen verskillende godsdienste soos deernis, liefde en regverdigheid.
- Hulle kan onderrigprogramme en werkwinkels ontwikkel wat op verdraagsaamheid en diversiteit gerig is.
- Godsdienstige organisasies kan vredesbou-inisiatiewe soos konflik-oplossing en bemiddelingopleiding inisieer en daaraan deelneem.
- Hulle kan ook geweldlose kommunikasie gebruik en hulle lede aanmoedig om vredesmakers te wees.
- Hulle kan saam met burgerlike samelewingsorganisasies werk aan vredesbou en konflikresolusie om hulpbronne en kundigheid te deel om vrede te bevorder.
- Hulle moet sosiale media gebruik om vrede te bevorder. (8)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

[50]

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- *Geestelike* verwys na geestelike/predikant/priester. (2)

5.1.2
- Hy is onder druk om te bedank.
- Hy is gedruk om teen die oortreder op te tree. (4)

5.1.3
- Wegsteek van bewys van onreëlmatigheid en inligting wat 'n verleentheid is.
- Probeer om onwettige aktiwiteite weg te steek. (4)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

5.1.4
- Hy moet uit die kerk geskors word.
- Geregtigheid moet sy gang gaan.
- Hy mag nie toegelaat word om met minderjariges te werk nie. (6)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

5.1.5
- Dit kan veroorsaak dat mense die kerk verlaat omdat die mees senior geestelike in die Anglikaanse Kerk by 'n toesmeerdery betrokke was.
- Gemeentelede sal voel dat die kerk hulle verraai het.
- Die kerk kan as 'n kultus en nie 'n kerk bestempel word, omdat hulle nie teen die kindermishandeling opgetree het nie. (6)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

5.2
- Die perifere en negatiewe kwessies van goddienste kry die meeste mediadekking.
- Dit gebeur omdat slegte nuus verkoop (sensasionalisme).
- Skandalige kwessies oor godsdienste kry die meeste media-dekking.
- Uiteindelik is die mediahuise besighede en moet wins maak.
- Dit is dieselfde met kwessies wat lyk asof dit godsdienstig is, maar is in werklikheid meer polities is. (8)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

5.3
- Godsdienstige organisasies moet dialoog voer met hoofstroom-media oor godsdienstige gesprekke.
- Hulle moet die media herinner dat bevooroordeelde verslaggewing tot konflik kan lei.
- Hulle moet die belangrikheid van objektiwiteit en onpartydigheid benadruk.
- Hulle kan mediahuise boikot.
- Godsdienstige organisasies moet hulle lede leer oor hoe om die media te hanteer.
- Godsdienstige organisasies moet nie negatiewe dinge doen nie wat negatiewe aandag sal trek nie.
- Godsdienstige organisasies moet hulle eie mediadepartemente hê om hulle werk te bevorder. (10)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

Kopiereg voorbehou

5.4 **JA**

- Persvryheid word weerspieël in die verskeidenheid standpunte, soos ook in godsdienstige verslaggewing uitgedruk.
- Daar is godsdienskanale op televisie wat regverdige dekking van godsdienste gee.
- Alle godsdienste word op verskillende mediaplatforms gedek.
- Godsdienstige organisasies het hulle onafhanklike media wat bedoel is om hulle lerings te versprei.
- Die wet laat toe dat besware ingedien kan word wanneer mediadekking onregverdig is.

NEE

- Drukgroepe, beide in die burgerlike samelewing en die regering maak seker dat media-artikels hulle belange ondersteun.
- Joernaliste se dekking weerspieël eenvoudig hulle eie vooroordele.
- Die media is 'n besigheid en sal nuuswaardige items soek en godsdienstige kwessies is nie nuuswaardig nie.
- 'n Artikel wat verslag doen oor 'n middernagdiens wat volgens plan geloop het, het min nuuswaardigheid.
- Die media doen dikwels verslaggewing oor kontroversiële kwessies van godsdienste. (10)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAL: 150

Kopiereg voorbehou